

LANDBOU

Russiese koringluis bedreig oeste in Oos-Vrystaat

Deur **Maricelle Botha** | 11 Februarie 2021 06:02

Koringprodusente in veral die Oos-Vrystaat se oeste word deur die Russiese koringluis bedreig.



Dr. Astrid Jankielsohn, senior navorser verbonde aan die Landbounavorsingsraad se kleingraansentrum in Bethlehem.

Volgens dr. Astrid Jankielsohn, senior entomologienavorser aan die Landbounavorsingsraad se kleingraansentrum in Bethlehem, kan hoë besmetting gedurende die saailingstadium tot groot skade en tot 60% opbrengsverlies lei.

“Die voeding van die luis veroorsaak dat die gewas se blare oprol en die luiskolonie word dan binne die opgerolde blaar beskerm. Dit veroorsaak dat die plant se fotosinterende vermoë belemmer word en dit swak groei.

“Dit lei verder daartoe dat die vlagblaar vasgeknyp word in die opgerolde blaar en are swak ontwikkel – wat die opbrengs benadeel,” verduidelik sy.

Dié koringluis is die eerste keer in 1978 in die Oos-Vrystaat in koringlande opgemerk en het vinnig na ander koringverbouingsgebiede versprei.

Die eerste weerstandbiedende koringkultivars, wat genetiese weerstand teen die luis bied, het in 1996 tot stand gekom.

Volgens Jankielsohn is die probleem egter dat luisse aanpasbare insekte is en dat nuwe biotipes in geval van die Russiese koringluis ontwikkel het.

“Biotipes is ’n populasie luisse wat die weerstand wat in die koring ingeteel is, kan oorkom.”

Tussen 2005 en 2018 het Jankielsohn vyf verskillende biotipes geïdentifiseer.

“Ons het nie meer weerstandsbronne teen die Russiese koringluis nie. Daar is nie meer koringkultivars wat weerstand teen die luis bied op die mark in Suid Afrika nie.”

Omdat daar nie meer weerstand in koring is nie, is chemiese beheer in dié stadium die enigste opsie.



“Wat my bekommer is dat die luis (nuwe biotipe RWASA5) ook weerstand teen chemiese middels sal opbou en ons dit in die toekoms dan glad nie sal kan beheer nie,” waarsku sy.

Sy glo dit is die geval in die Wes-Kaap waar die oorspronklike luis voorkom (biotipe RWASA1) en chemiese plaagbeheer toegepas word.

Sedert 2017 is daar egter, volgens haar, ’n merkbare vermeerdering van luse.

“En dit sê vir my dat die luse ook ’n weerstand teen die plaagbeheer begin opbou.”

Jankielsohn sê chemiese beheer moet slegs oorweeg word wanneer baie van die Russiese koringluse wydverspreid deur die land voorkom voor die vlagblaarstadium.

“Die diversiteit in die lande moet ook verhoog word deur gewasrotasie, die plant van verskillende kultivars en gewasse op ’n bepaalde land en die insluiting van dekgewasse. Hierdie praktyke sal verhoed dat die Russiese koringluis groot populasies opbou wat tot opbrengsverliese lei.”

Sy raai koringboere in veral die Oos-Vrystaat aan om gewasse fyn te monitor vir die Russiese koringluis, maar sê chemiese behandeling moet slegs oorweeg word indien besmettings skadelike vlakke nader.